

GEREFORMEERDE GEMEENTE PTA-MONTANAPOORT

(Geselsnota vir die week)

"En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus . . ."

Gegroet in die Naam van die opgestane Koning, Jesus Christus.

Paasfees 2019 is agter die rug . . . . Wat 'n inspirerende kerklike jaartyd! Ek hoop dat goeie Vrydag en die daaropvolgende goeie Sondag vir jou baie beteken het. Lyding in sy volheid. Heerlikheid in volmaaktheid! Graf na kruis. Leë graf na die opstanding!

JESUS LEEF EN JÝ MET HOM!

Pase . . . . Kruis en dood EN opstanding. En ek en jy wat kan opstaan en regop bly in die offerkrag van Jesus Christus.

- ✓ STERKTE VIR JOU WEEK.
- ✓ STAAN OP EN STAAN STERK.
- ✓ STAAN OP VIR DIE WAARHEID.
- ✓ DOEN DIE WIL VAN GOD.

(Want om die wil van God te doen hou 'n mens so besig dat jy geen tyd het om Sy planne vir jou in twyfel te trek nie . . . .)

Bybelteks as lewensteks: (Vandag meer as een)

"Kalmerende woorde bring lewe,
skynheilige woorde breek mense." (Spr. 15:4)

"Laat wat jy doen, aan die Here oor,
dan sal jou voornemens geluk." (Spr. 16:3)

"As die Here tevrede is met 'n mens se lewe,
laat hy selfs so 'n mens se vyande
in vrede met hom/haar lewe." (Spr. 16:7)

Manne, manne, manne . . . .
Onthou om nie te vergeet nie!
MANNEMOMENT
DV 3 MEI 06h00

Voor ek groet:

- Wees goed vir jouself.
- Dien die Here.
- Lewe asof vandag jou laaste dag op aarde is.
- Vervul jou roeping en maak n reuse verskil.
- Lag vir jouself, maar wees jouself.

Groete in Jesus Christus.

Dr. Pieter Heystek (ook 'n Montanapoorter)